Hoërskool Brackenfell
Privaatsak X03
Brackenfell
7561
Tel: 021 981 5522
Faks: 021 981 6023
E-pos: staff@brackenfellhs.co.za

HOËRSKOOL BRACKENFELL HIGH SCHOOL

Brackenfell High School
Private Bag X03
Brackenfell
7561
Tel: 021 981 5522
Fax: 021 981 6023
E-mail: staff@brackenfellhs.co.za

Kennisgewing van
NOMINASIE EN BEHEERLIGGAAMVERKIESING
Verkiesing van LEERDERS / OPVOEDERS / NIE-OPVOEDERS / OUER VAN LEERDERS
as lede van die Beheerliggaam

NAAM VAN SKOOL: **Hoërskool Brackenfell**

Kennis geskied hiermee dat 'n verkiesing van **EEN ouer van leerders** as lid van die beheerliggaam vir bogenoemde skool, op **Vrydag, 10 Desember 2021** d.m.v. 'n **e-verkiesing** gehou sal word. 'n **Kworum (10%)** moet stemgeregtigde ouers verteenwoordig. Ouers wat nie toegang tot aanlynfasiliteite het nie, word aangemoedig om van die Hotspot (Wifi) by die skool (in die parkeerarea) gebruik te maak.
'n Kandidaat kan deur 'n nominasievorm genomineer word. ***Nominasievorms sal vanaf Dinsdag, 16 November 2021 op die skool se webtuiste (www.brakkies.co.za) beskikbaar wees asook by die kantoor.*** Die nominasievorm (behoorlik deur die voorsteller, sekondant en kandidaat voltooi) moet teen **Saterdag, 27 November 2021** elektronies aan **heinrich@brackenfellhs.co.za** gestuur word.

Die volgende vereiste items moet aangeheg word:

- 'n Duidelike, onlangse foto (kop en skouers)
- Kort CV

AGTERGROND

Die komende Skoolbeheerliggame-verkiesing (SBL) is om te verseker dat behoorlik verkose, bekwame en visionêre SBL-lede die beheer ("governance") verantwoordelikheid sal aanvaar ten einde kwaliteit onderrig en leer te verseker. 'n Groot verantwoordelikheid rus op lede wat tot die SBL verkies word en wat met gesag op die verskillende komitees (Finansies, Menslike Hulpbronne en Beleide, Fisiese Geriewe en Bemarking & Kommunikasie) tot voordeel van ons skool dien.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat artikel 16(2) bepaal dat 'n beheerliggaam in 'n vertrouensposisie teenoor die skool staan. Dit beteken dat 'n beheerliggaam te alle tye in die skool se belang moet optree en dat 'n lid van die beheerliggaam persoonlike aanspreeklikheid kan opdoen indien hy/sy hierdie vertrouensverhouding sou skend.

INLIGTING IN VERBAND MET DIE VERKIESING

1. SAMESTELLING VAN BEHEERLIGGAAM

1.1 Die Beheerliggaam bestaan uit die skoolhoof, asook
a) Sewe ouers
b) Twee opvoeders by die skool
c) Een nie-opvoeder by die skool

1.2 Die meerderheid van die lede van die Beheerliggaam moet ouers wees.

2. NOMINASIES VAN OUERLEDE

2.1 Elke kandidaat moet deur 'n stemgeregtigde (sien nommer 4) voorgestel en deur 'n ander stemgeregtigde gesekondeer word. 'n Stemgeregtigde moet hom- of haarself oortuig dat die kandidaat bevoeg is om tot lid verkies te word; en 'n nominasievorm moet ten opsigte van elke kandidaat voltooi word.

3. DISKWALIFIKASIE VAN LEDE

'n Kandidaat is onbevoeg om 'n lid te wees indien hy of sy:

3.1 Aan enige misdaad skuldig bevind is waarvan hy of sy tot gevangenisstraf (sonder die keuse van 'n boete) gevonnis is, tensy algehele kwytskelding aan hom of haar verleen is of die termyn van sy of haar gevangenisstraf minstens drie jaar voor die datum van sy of haar verkiesing verstryk het;

3.2 Geestesongesteld is en deur 'n bevoegde hof aldus verklaar is;

3.3 'n Ongerehabiliteerde insolvent is; of

3.4 In die geval van 'n ouerlid, nie die wetlike ouer van 'n ingeskrewe leerder by die betrokke skool is nie.

4. STEMREG

4.1 Elke ouer van een of meer leerders, op die register van 'n skool ten tyde van die verkiesing van lede van 'n Beheerliggaam vir sodanige skool, is geregtig om by sodanige verkiesing te stem.

4.2 Iemand wat nie die natuurlike ouer is nie, maar 'n persoon in wie se bewaring een of meer leerders beoog wettig geplaas is, is geregtig om by sodanige verkiesing te stem; en

4.3 Iemand wat geregtig is om te stem, het een stem ten opsigte van enige besondere kandidaat: met dien verstande dat die totale getal stemme van so iemand nie die getal lede wat verkies moet word, oorskry nie.

Ons doen 'n dringende beroep op ouers wie se persoonlike besonderhede (met klem op kontakbesonderhede) onlangs verander het, om die skool daarvan in kennis te stel (aletta@brackenfellhs.co.za).

Indien meer kandidate genomineer word as die getal lede wat verkies moet word, sal 'n stemproses van toepassing wees.

16/11/2021
DATUM

HANDTEKENING: KIESBEAMPTE
ADRES
Mnr. EF Coetzee
p/a Laerskool Brackenfell
Kerkstraat
Brackenfell 7560